


Kultivarproef onder besproeiing op Petrusburg in die Suidwes-Vrystaat produksiegebied

René Carlson en Herman Haak, Aartappels Suid-Afrika

Die proef is onder besproeiing op Petrusburg in die Suidwes-Vrystaat produksiegebied geplant. Die plant- en oesdatum was onderskeidelik 23 Augustus 2011 en 26 Januarie 2012. Die kultivars Valor, Argos, Almera, Lanorma, Marimba, Eos, Konsul, Mondial, Markies, Buffelspoort en Sifra is geëvalueer. Dit is belangrik om daarop te let dat groeiperiodes die oesopbrengspotensiaal van kultivars beïnvloed (Tabel 1). Die bemestingsprogram het bestaan uit 224 kg stikstof, 154 kg fosfaat en 114 kg kalium. Die proef is geplant in 'n ewekansige blokontwerp met drie herhalings en is geoes wanneer al die kultivars natuurlike loofafsterwing bereik het. Weerdata vir die groeiseisoen word in Figuur 1 (reënval) en 2 (temperatuur) aangetoon.




Figuur 1. Totale reënval per maand

Tabel 1. Groeiperiode in dae van opkoms tot 100% loofafsterwing*


Kultivar	Dae
Valor	100
Argos	100
Almera	85
Lanorma	80-90
Marimba	85
Eos	90-100
Konsul	110
Mondial	95-100
Markies	110
Buffelspoort	80-100
Sifra	90-100

* Algemene riglyne




Figuur 2. Minimum en maksimum temperatuur (° C)






Figuur 3. Totale opbrengs as persentasie van die proefgemiddeld. Waardes gevolg deur dieselfde letter is nie beduidend verskillend van mekaar nie.



Tabel 4. Grootteverspreiding



Figuur 5. Gradering

Die reënval was laer as die langtermyn gemiddeld regdeur die groeiseisoen. Proef toestande was goed en die opbrengs vir die standaard kultivar Mondial, was normaal. Sifra het 'n baie swak plantestand gehad, wat waarskynlik die opbrengs beïnvloed het.


In Figuur 3 word die resultate ten opsigte van opbrengs aangedui. Die gemiddeld van al die kultivars word as 100% geneem. Die opbrengs van die individuele kultivars word dan deur die proefgemiddeld gedeel en elke kultivar se opbrengsprestasie word as 'n persentasie van die proefgemiddeld uitgedruk.

Die kultivar Valor het die hoogste opbrengste behaal, en was beduidend hoër as al die ander kultivars behalwe vir Argos, Almera, Lanorma en Marimba. Sifra het in die laagste opbrengste-groep geval. Die kultivars Valor, Argos, Almera, Lanorma, Marimba en Eos het hoër opbrengste as die proefgemiddeld (65.4 ton/ha) behaal. In Figuur 4 word die grootteverspreiding van die opbrengs van die onderskeie kultivars aangetoon.

Ten einde die prestasie van die kultivars in terme van opbrengs en kwaliteit te bepaal, word die opbrengs (Figuur 3), grootteverspreiding (Figuur 4) en gradering (Figuur 5) gebruik om teen die gemiddelde markprys vir die betrokke dag 'n bemarkingsindeks te bereken. Die opbrengs vermenigvuldig met prys gee die bemarkingsindeks.

In Figuur 6 word die opbrengsdata, wat in Figuur 3 grafies geïllustreer is, saam met die bemarkingsindeks aangetoon. Die data is weer eens as persentasie van die proefgemiddeld uitgedruk. Die kultivar Valor het die hoogste bemarkingsindeks behaal. In Tabel 2 word die kooktoetse en halmtellings aangetoon.





Figuur 6. Opbrengs en bemarkingsindeks is uitgedruk as persentasie van die proefgemiddeld.



Tabel 2. Kooktoetse

Kultivar	Kook tipe ¹	Vleeskleur	Papkook	Verkleur	Skyfiekleur ²	SG ³	Halmtellings Halm/plant
Valor	NM	Wit	Styf	Geen	56.0	1.075	5
Argos	NM	Geel	Styf	Geen	48.3	1.060	3
Almera	NM	Donker geel	Styf	Geen	59.6	1.067	5
Lanorma	EM	Donker geel	Medium	Geen	60.1	1.076	4
Marimba	NM	Room	Styf	Geen	46.1	1.064	6
Eos	NM	Room	Medium	Geen	52.0	1.073	4
Konsul	NM	Donker geel	Styf	Geen	49.0	1.053	4
Mondial	EM	Donker geel	Medium	Effens	56.0	1.068	4
Markies	NM	Donker geel	Styf	Geen	59.2	1.082	4
Buffelspoort	EM	Wit	Medium	Effens	54.9	1.076	4
Sifra	NM	Room	Styf	Geen	58.7	1.073	1.5

1: BM – Baie melerig tot losse tekstuur;

M – Melerig, krummelige tot los aartappel;

EM – Effens melerige, vry ferm aartappel met fyn tot taamlieke fyn tekstuur

NM – Nie melerige, ferm aartappel met 'n fyn tekstuur

2: Skyfiekleur met waarde >50 en sonder defekte is aanvaarbaar vir die droëskyfiebedryf.

3: Soortlike gewig van >1.075 is aanvaarbaar vir die prosesseringsbedryf.

C

